



**WESKUS / WEST COAST**  
**DISTRIKSMUNISIPALITEIT / DISTRICT MUNICIPALITY**  
**U MASIPALA WESITHILI SASEWEST COAST**

---

**91STE ALGEMENE RAADSVERGADERING / 91<sup>ST</sup> GENERAL COUNCIL MEETING**  
**31 MEI 2017 / 31 MAY 2017**

---

**ITEM 17/05/31/9.1.1**  
**UITGEDIENDE BATES AFGESKRYF VIR DIE BOEKJAAR 2016/2017 (4/12/4)**

***OBSELETE ASSETS WRITTEN OFF FOR THE FINANCIAL YEAR 2016/2017 (4/12/4)***

Dat kennis geneem word van die bate afskrywings in die Departement Finansies (IT Afdeling) ingevolge Seksie 40 (3) (b) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid en Seksies 20 en 21 van die Batebestuursbeleid met 'n netto waarde van R8 892.60.

*That cognisance be taken of the asset write offs in the Department Finance (IT Division) in accordance to Section 40 (3) (b) of the Supply Chain Management Policy and Sections 20 and 21 of the Asset Management Policy amounting to R8 892.60.*

**ITEM 17/05/31/9.1.2**  
**VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID VIR INFRASTRUKTUURVERKRYGING EN AFLEWERINGSBESTUUR (4/B)**

***SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY FOR INFRASTRUCTURE PROCUREMENT AND DELIVERY MANAGEMENT (4/B)***

Dat Aanghangsel "J" – Voorsieningskanaalbestuursbeleid vir Infrastruktuurverkryging en Afleweringbestuur ingesluit word in die Voorsieningskanaalbestuursbeleid vir implementering 1 Julie 2017.

*That Annexure "J" – Supply Chain Management Policy for Infrastructure Procurement and Delivery Management be included in the the Supply Chain Management Policy for implementation from 1 July 2017.*

**ITEM 17/05/31/9.1.3**  
**WATERBEPERKINGS IN LANDELIKE GEBIEDE (10/3/2/3/17)**

***WATERRESTRICTIONS IN AGRICULTURAL AREAS (10/3/2/3/17)***

Dat 'n 30 % Waterbeperking op Landelike gebiede binne die Weskus Distriksgebied implementeer word vanaf 1 Julie 2017 soos afgekondig in die Goewermentskennisgewing no. 623 in Staatskoerant no 40836 gedateer 10 Mei 2017.

*That a 30 % Water restriction on Agricultural areas within the West Coast region be imposed from 1 July 2017 as published in Government Notice: nr. 623, Gazette nr. 40836, dated 10 May 2017.*

**ITEM 17/05/31/9.2.1**

**TWEEDE ADDENDUM TOT DIE DIENSLEWERINGSOOREEKOMS: GROOTMAATWATER-VOORSIENING (10/3/2/3/31)**

**SECOND ADDENDUM TO THE SERVICE LEVEL AGREEMENT: BULK WATER SUPPLY (10/3/2/3/31)**

1. Dat die tweede Addendum tot die Diensleweringsooreenkoms: Grootmaatwatervoorsiening, goedgekeur word; en

*That the second Addendum to the Services Level Agreement: Bulk Water Supply be approved; and*

2. Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die addendum namens Weskus Distriksmunisipaliteit te onderteken.

*That the Municipal Manager be authorised to sign the addendum on behalf of West Coast District Municipality.*

**ITEM 17/05/31/9.2.2**

**GOEDKEURING VAN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK VAN DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT (13/1/1/2/21)**

**APPROVAL OF THE SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK OF THE WEST COAST DISTRICT MUNICIPALITY (13/1/1/2/21)**

Dat die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van die Weskus Distriksmunisipaliteit goedgekeur word ingevolge Artikel 26 (e) van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, Wet 32 van 2000, vir insluiting by die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan 2017/2022.

*That the Spatial Development Framework of the West Coast District Municipality be approved in terms of Section 26 (e) of the Local Government: Municipal Systems Act, Act 32 of 2000, for inclusion into the Integrated Development Plan 2017/2022.*

**ITEM 17/05/31/9.3.1.1**

**HERSIENING VAN OUDIT- EN PRESTASIE OUDITKOMITEE MANIFES VIR DIE 2017/2018 FINANSIËLE JAAR (10/3/4/6)**

**REVIEW OF THE AUDIT- AND PERFORMANCE AUDIT COMMITTEE CHARTER FOR THE 2017/2018 FINANCIAL YEAR (10/3/4/6)**

1. Dat kennis geneem word dat daar geen wysigings op die Oudit- en Prestasie Oudit Manifes was vir die 2016/2017 finansiële jaar nie; en

*That cognisance be taken that the Audit- and Performance Audit Committee Charter needed no amendments for the 2016/2017 financial year; and*

2. Dat die gewysigde Oudit- en Prestasie Ouditkomitee Manifes vir 2017/2018 goedgekeur en implementeer word met ingang 01 Julie 2017.

*That the amended Audit- and Performance Audit Committee Charter of 2017/2018 be approved and implemented with effect from 01 July 2017.*

**ITEM 17/05/31/9.3.1.2**

**HERSIENING VAN INTERNE OUDIT MANIFES VIR DIE 2017/2018 FINANSIËLE JAAR (4/12/4)**

**REVIEW OF INTERNAL AUDIT CHARTER FOR THE 2017/2018 FINANCIAL YEAR (4/12/4)**

1. Dat kennis geneem word dat daar geen wysigings op die Interne Oudit Manifes was vir die 2016/2017 finansiële jaar nie; en

*That cognisance be taken that the Internal Audit Charter needed no amendments for the 2016/2017 financial year; and*

2. Dat die gewysigde Interne Oudit Manifes vir 2017/2018 goedgekeur en implementeer word met ingang 01 Julie 2017.

*That the amended Internal Audit Charter for 2017/2018 be approved and implemented with effect from 01 July 2017.*

**ITEM 17/05/31/9.3.2.1**

**VERSLAG VAN DIE PRESTASIE EVALUERINGS-PANEEL GEDATEER 22 MAART 2017 (10/3/2/3/37)**

**REPORT OF THE PERFORMANCE EVALUATION PANEL DATED 22 MARCH 2017 (10/3/2/3/37)**

Dat die Prestasie Evalueringsverslag gedateer 22 Maart 2017 goedgekeur word.

*That the Performance Evaluation Report dated 22 March 2017 be approved.*

**17/05/31/9.4.1.1**

**“TOOLS OF TRADE” BELEID VIR RAADSLEDE (3/3/2)**

**TOOLS OF TRADE POLICY FOR COUNCILLORS (3/3/2)**

1. Dat die “Tools of Trade” Beleid vir Raadslede goedgekeur word; en

*That the Tools of Trade Policy for Councillors be approved; and*

2. Dat die “Tools of Trade” Beleid vir Raadslede onderworpe is aan goedkeuring van die LUR vir Plaaslike Regering in die Wes-Kaap Provinsie.

*That the Tools of Trade Policy for Councillors be subject to concurrence by the MEC for Local Government in the Western Cape Province.*

**ITEM 17/05/31/9.4.1.2**

**DISSIPLINÊRE PROSEDURES VIR RAADSLEDE (3/3/2)**

**DISCIPLINARY PROCEDURES FOR COUNCILLORS (3/3/2)**

Dat die Dissiplinêre Prosedures vir Raadslede Beleid goedgekeur word.

*That the Disciplinary Procedures for Councillors Policy be approved.*

**ITEM 17/05/31/9.4.2.1**

**HERNUWING VAN DIE KONTRAK VIR DIE LEWERING VAN 'N BRANDWEERDIENS VIR SALDANHABAAI MUNISIPALITEIT VIR 'N JAAR PERIODE (6/3/3/6/2)**

***RENEWAL OF THE CURRENT CONTRACT FOR THE RENDERING OF A FIRE FIGHTING SERVICE ON BEHALF OF SALDANHA BAY MUNICIPALITY FOR A FURTHER YEAR (6/3/36/2)***

1. Dat voorgestelde hernuwing van die kontrak vir die lewering van 'n Brandweerdienste vir Saldanhabaai Munisipaliteit vir slegs 'n een (1) jaar periode nie ondersteun word nie (1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018); en

*That the proposed renewal of the contract for the rendering of a Fire Fighting Service on behalf of Saldanha Bay Municipality for a one (1) year period, not be supported (1 July 2017 till 30 June 2018); and*

2. Dat Saldanhabaai Munisipaliteit vanaf 01 Julie 2017 hul eie Brandweerdienste lewer; maar

*That Saldanha Bay Municipality render their own Firefighting function from 01 July 2017; but*

3. Dat die hernuwing van die kontrak slegs oorweeg en goedgekeur sal word as dit verleng word vir 'n verder drie (3) jaar periode.

*That the renewal and approval of the contract only be considered if it is extended for another three (3) year period.*

**ITEM 17/05/31/10.1.1.1**

**DERDE KWARTAAL TOPVLAK SDBIP PRESTASIEVERSLAG: JANUARIE - MAART 2017 (15/16/2/1)**

***THIRD QUARTER TOP LEVEL SDBIP PERFORMANCE REPORT: JANUARY - MARCH 2017 (15/16/2/1)***

Kennis geneem / Noted